Spyseniering

"Toe sê Jesus vir hulle: ' Kom eet...' "
- Johannes 21:12

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die kuns van onthaal.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.

ABC: Die vaardigheid om 'n suksesvolle funksie te organiseer en uit te voer is 'n kuns wat bemeester moet word. Almal het al funksies bygewoon waar alles nie vlot of op tyd verloop nie. Die spesialisasie bied aan die Verkenner die geleentheid om bogenoemde vaardigheid te bemeester en sodoende in sy toekomstige werksplek professionele funksies te kan organiseer. Hierdeur word die beeld van die Afrikaner as positiewe landsburger bevorder.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Projek gebonde	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Die onderwyser/-es wat op skool hotel-en-spyseniering aanbied kan sekere afdelings afteken		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die etiketreëls ten opsigte van die rig van uitnodigings, optrede wanneer jy 'n metgesel is en goeie maniere tydens telefoon- en selfoongebruik*
2. *Vertroud wees met die wyse waarop gaste aan mekaar voorgestel word (demonstrasie, rolspel).*
3. *Vertroud wees met die regte optrede van 'n gasheer teenoor sy gaste.*
4. *Vertroud wees met goeie tafelmaniere en die korrekte wyse van bediening.*
5. *Vertroud wees met die tipe glase wat vir die verskillende tipes alkoholiese dranke gebruik word.*
6. *Vertroud wees met die eetgerei wat saam met die verskillende geregte gebruik word.*
7. *'n Skriftelike begroting en beplanning vir **twee** van die volgende geleenthede inhandig:*
   - *7.1 Formele onthaal (ongeveer 10 persone).*
   - *7.2 Buffetete (ongeveer 15 persone).*
   - *7.3 Tienerpartytjie (ongeveer 20 persone).*
   - *7.4 Braaivleis (ongeveer 6 persone).*
   - *7.5 Oggendtee (ongeveer 8 persone).*
8. ***Een** van die onthale (in 7 vermeld) voorberei en aanbied (uitnodigings ingesluit) – die toetsoffisier moet die geleentheid bywoon.*
9. *'n Tafelrangskikking maak wat by een van die geleenthede (in 7 vermeld) pas en bykomstighede rondom 'n tema uitwerk.*